

3 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 109
Fokusgedeelte: Psalm 109:1-4

Die Here staan by die opregte

As gelowige voel dit dikwels of ek en jy alleen is. Waar is die Here, die hartekenner, nou? My weg is vir die Here verborge en my reg gaan by my God verby? Ek het probeer goed doen: liefde gee, mense naby my in gebed opgedra oor hulle nood en beproewing. Skielik word ek ontnugter oor dié mense se skynheiligheid en jaloesie wat my wil uitwerk. My beste bedoelings word verdraai, my gebaande weg word 'n doodloopstraat.

Dan vra die psalmdigter, as lid van die Ou-Testamentiese kerk, die vloek van die Here aan oor die mense wat hom so verneder. Psalm 109 is die enigste suiwer vloekpsalm. Die verontregte wil nie self wraak neem nie, maar vra die vloek van die Here oor hulle aan.

Vir ons as Nuwe-Testamentiese gelowiges is dit nie meer nodig om ons vyande te vervloek nie. Christus het vir ons gesterwe en daarom moet ons ons vyande liefhê. Hy het Satan se aanklag teen my kragteloos gemaak deurdat Hy sy eie Seun vir my sonde laat betaal het.

As God vir my is, wie kan teen my wees? Daarom weet ek in alle omstandighede: Hy staan by my! Geen nag sal ooit so donker wees dat die Here nie sorg vir wie Hom vrees nie! Al gebeur wat: Ek kan van God se goedheid en getrouheid lewe. Hoe anders sou ek en jy die pad kon loop waarlangs ons tot hier gekom het?

Die Here is by my wat arm is, maar ryk in Hom – as die vervolgte wat deur Hom vrygemaak is. Hy sal my laat triomfeer teen al my vyande tot eer van sy naam. Hy seën en versorg sy kudde wat die Herder volg op pad na die Ewige Lewe!

Sing: Psalm 146:5

Ds. JJ Breedts (Emeritus)